

Fontiepos



BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

BESTE MEDE-FONTIE

Dit is wonderlik om terug te kyk na 'n suksesvolle maand vol opwindende studente-aktiwiteite wat sport, kultuur en aktuele sake behels het. Die goeie nuus is dat ons nog baie suike oomblikke hierdie jaar gaan beleef. Soos die Herfsseisoen naderkom, so kom daar in elke mens se lewe ook 'n sekere seisoen waarvan ons dalk nie hou nie.

Ons kalenders is tans stampvol aktiwiteite asook akademiese verpligtinge en ons is gedurig onder druk. Hierdie moeilike tye simboliseer vir my die blare wat verkleur en dan van die bome afval. Dit laat 'n leë en sombere gevoel in die gemoed, maar dit het ook weer sy eie mooi. Soms is dit nodig dat ons deur hierdie seisoene in ons lewens gaan om gestroop te word van onself, om weer 'n nuwe begin te maak. Om gestroop te raak van die eie ek, om die waarde van die goeie te kan waardeer, om te kan sien en te voel wat ander mense deurgaan en ervaar terwyl ek en jy ryk en verryk is.

Sterkte met die semestertoetse en geniet die kontakvrye week. Hou moed, motiveer mekaar, moet nie alleen sukkel nie en onthou waar jou hulp vandaan kom.

Lekker lees aan die laaste uitgawe van die huidige redaksiespan. Die volgende nuusbrieffredaksie sal die volgende uitgawes behartig.



Redakteurgroete
ELISMA VAN
DER WATT

STUDENT WERF STUDENT

Vir elke student wat jy verwys en wat by Akademia registreer, ontvang jy R250!

Dus, hoe meer jy verwys, hoe groter word jou beloning.

STUDIEAANSOECHE VIR 2024 OPEN OP 3 APRIL 2023.

KLIK HIER

Bepalings en voorwaardes geld.

AKADEMIA *et al.*
KORTKURSUSSE GERIG OP INSIG EN PRAKTYK

VOORDELE VIR #FONTIES

Daar is 'n 20%-afslag op alle Akademia et al. -kursusse vir Akademia-studente.

Gebruik die kode 'AkaStud' om jou afslag te gebruik.

KLIK HIER

LOOPBAANSENTRUM

Internskappe, poste, werksvoorbereiding en loopbaanadvies
Kry solank 'n voet in die deur en skop jou loopbaanreis hier af!

KLIK HIER



FONTIEFLATER

Fontie slaap laat. Fontie slaap laat in die oggende en soms in die klas ook. Fontie vergeet dat die klas nou in die regte klas is en nie op Teams nie. So dit gaan maar moeilik met die snorkery, want daar is nie nou juis 'n mute-knoppe nie.

Fontie het toe mos so amper ook laat geslaap met die eerste eerstejaarskonsert en het net betyds die laaste kaartjie vir die laaste konsert gekoop. Moet egter nou nie dink dat Fontie daar ook geslaap het nie. Daar was te veel aksie en opwinding van lugbraaiers (air fryers) om te sit en slaap. Die taalgelukkig het Fontie mateloos beïndruk, maar hy het die arme beoordeelaars jammer gekry oor die kruie wat daarmee saam bedien is. Wat Fontie egter regop laat sit het, was die waagmoed van die manne van Huis Hennops op daardie verhoor. Dit was die Full Fontie. Die dames van Huis Strelitzia het geen steen of bank onaangeroerd gelaat nie en het deurlopend seker gemaak dat die bank op die reg lya op die verhoor is. Fontie dink daar is potensiaal vir 'n ystervrou of twee daar. Huis Valorem se waarde was die harmonieuse eerstejaarstemme al was die dansspasies minder harmonieus met tye.

En so op hierdie hoe noot moet Fontie nou hardloop, die DA sluit oor vyf minute.

Laat weet gerus vir Fontie van die nuus agter die nuus sodat ons almal tussen die lyne mag lees. Deel jou bydrae tot Fontieflater hier.



SO SÊ 'N NAURSE AFSTANDSTUDENT

“Ek is tans 'n eerstejaar-LLB-student aan Akademia se naurse afstandmodel. Beste besluit ooit. Ek het al by 'n paar ander instansies studeer en ek het nog nooit die kaliber van onderrig ondervind as wat ek by Akademia kry nie.”

JJ PRETORIUS

Stuur enige voorstelle vir naurse aksies hier


FONTIENUUS



Maklike lugbraaierresepte vir studente

As student kan dit 'n uitdaging wees om vinnige en maklike maaltye te maak wat smaaklik en gesond is. Met die toename in gewildheid van lugbraaiers (air fryers) het kosmaak egter makliker en geriefliker geword as ooit tevore. Deidré Fischer, gemeenskapsredakteur, vertel meer.

LEES MEER HIER.



Ontmoet jou nuwe sentrumkoördineerders (SK's)

Dit is met groot opgewondenheid dat ons Akademia se sentrumkoördineerders vir die akademiese jaar 2023 bekendstel. Hierdie studente is verkies om die belange van ons naurse afstandstudente te verteenwoordig en ons is vol vertroue dat hulle nuwe idees en perspektiewe na die naurse gemeenskappe gaan bring.

LEES MEER HIER.



Woorde vir die siel

Biblioterapie, ook genoem skryftherapie, is vir enige iemand! Dit vervang wel nie tradisionele terapie nie. 'Biblio' verwys na boeke en 'therapeia' beteken om iemand te help. Boeke en skryf is medisyne vir die siel. Marisha Hermann, h tweedejaar BA- (Kommunikasie en Joernalistiek) student vertel meer oor biblioterapie.

LEES GERUS HIER VIR MEER.



Vyf vinnige feite oor Akademia-personeel


In hierdie uitgawe deel drie van Akademia se dosente h bietjie meer omtrent hulself. In die vorige uitgawe van die Fontiepos het ons 11 feite gedeel omtrent Akademia, maar hierdie maand is ons terug om feite te deel oor al julle gunstelingdosente. Lees gerus meer **HIER** oor die mense wat tydens jou studiereis voorloop.



Kontakvrye week: S6 skakel jy behoort al af

Vir studente kan die kontakvrye week h broodnodige geleentheid wees om h blaaskans te neem van die akademiese eise wat studies stel. Dit kan egter baie aanloklik wees om hierdie tyd te gebruik om werk in te haal, voorlopig vir eksamens te begin studeer of internskappe en ander verpligtinge aan te pak. Alhoewel dit belangrik is om die meeste van hierdie tyd te maak, is dit net so belangrik om rus en ontspanning te prioriteer.


LEES HIER VIR MEER.



Begroet vir jouself deur die maand

Die enigste ding wat meer skrikwekkend is as semestertoetse of eksamens is om jou bankrekeningsaldo na te gaan, maar moenie vrees nie, my liewe mede-plaatsak-studente. As die lewe vir jou suurlemoenes gee, maak jy limonade. En wanneer die lewe vir jou h leë bankrekening gee, maak jy h begroting. Deidré Fischer, gemeenskapsredakteur, spreek die belangrikheid van h begroting aan.


LEES MEER HIER.



Akademia verwelkom André Gouws as dosent

Op 1 Maart het mnr. André Gouws by die Akademia-familie aangesluit as h dosent in die Fakulteit Geesteswetenskappe. Gouws sal vanaf dié jaar vir die tweedejaar- en derdejaarstudente in die program BA (Kommunikasie en Joernalistiek) klas gee. Leani Smith, nuusredakteur, het h onderhoud met hom gevoer.


LEES HIER VIR MEER.



Fonties skep eie definisies vir belangrike Akademia-terme

Om h student te wees, is h unieke ervaring. Jy is vir die eerste keer onafhanklik van jou ouers en betree die grootmenswêreld met opgewondenheid. Leani Smith, nuusredakteur, het ons eie studente se definisies van gonswoorde by Akademia aangevra.


LEES MEER HIER.



LinkedIn: Hoekom dit voordelig is om nou al jou profiel te skep


LinkedIn is h sosialemediaplatform wat hoofsaaklik gebruik word om professionele netwerke te bou, werk te soek en vir loopbaanontwikkeling. Terwyl baie mense aan LinkedIn dink as h platform vir werkssoekers en professionele persone, is dit ook h uitstekende hulpmiddel vir universiteitstudente wat hul loopbane wil begin. Deidré Fischer, gemeenskapsredakteur, deel vyf redes waarom universiteitstudente op LinkedIn moet kom.

LEES HIER VIR MEER.



Eerstejaarsaksies sorg vir groot vermaak

Akademia se eerste eerstejaarkonsert is deur die drie koshuise Huis Valorem, Huis Hennops en Huis Strelitzia aangebied. Aanvanklik sou net een vertoning gehou word, maar weens die aantal navarre wat verkry was, is h tweede vertoning ook gehou. Albei vertonings was uitverkoop. Die opeenvolgende aand is die eerstejaarsdinee, Primus Chorum, by koshuis@Leriba aangebied. Vanjaar se tema was Mexican Fiesta. Lees meer **HIER** oor die eerstejaarsaksies.



Koshuise bied meer as net behuising

Huis Valorem se inwoners het op 1 Maart h pizza-en-wyn-aand gehou om bande tussen die inwoners te smee. Huis Valorem het ook saam met Huis Hennops en Huis Strelitzia h sportdag gehou waar studente met baie gees en sportmanskap teen mekaar kon kompeteer. Lees meer **HIER** oor hierdie koshuisaksies.



Fonties neem deel aan vuurwarm sosiale aksies

Die eerste Fontiebal het op 2 Maart plaasgevind waar alle Fonties die geleentheid gehad het om spoggerig aan te trek en saam die aand om te dans. Senior Fonties het ook op 22 Maart hul eerste "beerpong"-kompetisie gehou waar spanne behoort meeding het om die prys. Lees meer **HIER** oor hierdie sosiale aksies.



Akademia se naurse studentelew

Akademia-studente gered met h verskeidenende aktiwiteite waaraan naurse afstandstudente kan deelneem om h unieke studentelev te vorm. Die verskillende klubs, soos die fotografieklub, boeke-en-boneklub, stapklub, en nog meer, bied h gulde geleentheid vir studente wat nie voltyds op kampus studeer nie om aan die studentelev deel te neem. Daniël Langner, kultuurredakteur, vertel meer oor hierdie aksies.

LEES MEER HIER.



Anti-intellektualisme en die rol van die media

Digitale media is tans die hoofbron van die inligting wat die mens op h daaglikse basis inneem. Danksy tegnologiese vordering kan ons terugkyk en sien dat h sekere beweging deur die digitale era versnel word, genaamd anti-intellektualisme.

LEES MEER HIER.

Dit is musiek in ons ore!

VIR ALLE MUSIEK WAT NUUT, WARM, LEKKER EN AFRIKAANS IS

Luister **HIER** na die Fonties se toptienmusieklys



Kry jou blou 2023-T-hemp vir mans en dames op Die Winkel teen slegs R150

KLIK HIER

www.akademia.ac.za

BINGO

Kyk hoeveel van hierdie aktiwiteite jy van jou emmerskoplysie kan aftik!

VOLTYDSE KAMPUSSTUDENTE

h Dosent tannie of oom genoem?	Last gekom vir klas en die verkeer as h verskoning gebruik?	Al jou sakgeld slegs op Spys spandeer?	Small talk gemaak met Nolo en Lucky?
Wegneemetes gekry tussen klasse?	In die verkeerde klas ingeloop?	Vyf minute voor jou DA toemaak dit 'submit'?	Die SR en die HK se name met mekaar verwar?
Met die Wi-Fi gesukkel?	Per ongeluk die stoele se handvatsels gebreek?	Vergeet van h toets?	Jou Instagram-of TikTok-video per ongeluk kliphard in die klas gespeel?

NAURSE AFSTANDSTUDENTE

Jou oorfone by die huis vergeet wanneer jy by jou sentrum klas het?	Vergeet om jou motorligte af te skakel?	Aandete in die kar geet op pad klas toe	Jou studentekaart vergeet/verloor?
Vergeet om in te skandeer met elke klas?	In die aand 60 km sentrum toe gery vir klas?	Verward geraak met jou tooset en by die sentrum ooggedag as jy nie klas het nie?	Vergeet om na die datums en tye van DA's te kyk en hulle gemis?
h Wagwoord probeer intik vir Proctorio met toets/eksamens?	Jou DA's op die laaste moontlike minuut gedoen?	Laat gekom vir klas as gevolg van verkeer?	Jou DA's by die werksydens middagete gedoen?



4 Joernaliste




8 Uitgawes



121 Artikels



87 Onderhoude gevoer



Stuur jou voorstelle vir die studentenuusbrieff na fontieposredakteur@akademia.ac.za

Rus goed uit hierdie **KONTAKVRYE WEEK**, Fonties! Kom veilig terug en pak die tweede kwartaal van 2023 met nuwe energie aan.